# Ons is „snaakse wit stam,' hoor beeldradiokykers

Vaderland - 15 April. Het jy dit gesien?

(Londense Verteenwoordiger)

DIT WAS gisteraand toe weer sulke tyd oor die beeldradio hier in Londen. Heel eerste was dit min. P. W. Botha wat oor Suid-Afrika vertel het. Toe verskyn mnr. Yssel van anti-minirok-faam op die doek.

Ja nee, sug hy in regte ou Boere-Engels. Dis die mini wat al die plae en ellende in Suid-Afrika veroorsaak het. Dis die einste mini se skuld dat die aandele so gedaal het, dat 'n aardbewing Tulbagh verniel het.

**Dit was nou alles deel van die B.B.C. se wyd en syd geadverteerde dokumentêre rolprent oor die Afrikaner — „die eienaardige wit stam wat Suid-Afrika regeer", soos die B.B.C. dit gestel het.**

Daarna het nog bekende tonele op die beeldradio geflikker. Daar was wilde tonele by H.N.P.-vergaderings en ernstige dominees wat vertel dat die blanke met 'n doel na Suid-Afrika gekom het en dat hy 'n doel het om steeds daar te wees.

## Kontraste

En na 'n toneeltjie van 'n arm blanke gesin in Knysna wat geen lopende water of elektrisiteit in hul armoedige huisie het nie, verskuif die toneel na 'n deftige onthaal in 'n spoggerige woning.

Was egter geen gewone partytjie nie. Manne soos Etienne le Roux van Silberstein-faam en Jan Rabie word nader geroep om hul menings te gee. Hulle gee nie eintlik hul menings nie.

Etienne le Roux, met drankie in die hand, mompel so 'n ietsie, Jan Rabie vertel die rasseprobleem is te ingewikkeld en mens kan nie gaan staan en veralgemeen nie.

'n Oubaas wat al 'n hele eeu oud is, vertel die B.B.C. van sy lewensfilosofie en op 'n sonnige strand sien mens 'n klomp bruingebrande Afrikaners wat toutrek terwyl min. Frank Waring en vroulief toekyk.

Heelwat tyd is aan die bekende Groot Ben gewy wat met vandeesmaand se verkiesing sir De Villiers Graaff gaan opponeer en 'n regter is ook 'n hele paar minute gegun om te vertel waarom dit noodsaaklik is om mense 180 dae sonder verhoor op te sluit.

Met die sing van die Oukraalliedjie en tonele van die Drakensberge, is die rolprent afgesluit.